191. A. 1 (22/1)

Bydrae vir Hugenote-Feesnommer van die Burger.

# Herroeping van die Edikt van Nantes.

---

Uit die artikel wat hieraan voorafgaan, sal geblyk het watter uiters belangrike verordening die Edikt van Nantes in verband met die opkoms van die Calvinisme in Frankryk is. Die Edikt van Nantes, wat deur Hendrik IV in Mei 1598 uitgevaardig is, het die regte van die Hugenote vasgelê en gewaarborg. ~~Die regte wat hulle hierdeur verkry het, kan~~ Hierdie regte kan ons onder drie hoofde indeel: (a) Godsdienstige verdraagsaamheid: die Hugenote mag hulle godsdiens voortaan vryelik uitoefen, behalwe in 'n paar stede wat spesiaal in die Edikt genoem word. (b) Billikheid in die regspraak: sake waarin Hugenote betrokke is, sal voortaan voor regbanke dien waarvan die lede half uit Katolieke en half uit Hugenote bestaan. En (c) Persoonlike veiligheid: die Hugenote mag sekere plekke, b.v. La Rochelle, Montauban, Nîmes en Saumur, as hul vrystede of veiligheidsplekke inrig, waar hulle 'n groot mate van plaaslike bestuur sal geniet en waar hulle selfs hul eie leërs mag aanhou.

Met die oog op die latere geskiedenis is hierdie laaste punt van groot betekenis. Die Hugenote-vrystede kon byna met onafhanklike republiekies in Frankryk gelykgestel word. Vanweë hul vrystede en hul eie leërs was die Hugenote dus nie slegs 'n godsdienstige groep in Frankryk ~~ma~~ nie, maar ~~hulle was~~ ook 'n politieke mag, en hulle is as sodanig offisieel erken. Vandaar dat soms van godsdienstige en politieke Calvinisme gepraat word. Soos ons weldra sal sien, was dit o.a. juis hierdie politieke aspek van die Franse Calvinisme wat in (die jare na) die Edikt van Nantes groot onheile oor die Hugenote gebring het.

Die vernaamste reg wat die Edikt van Nantes vir die Hugenote gewaarborg het, was egter ongetwyfeld godsdienstige verdraagsaamheid. Hul gereformeerde godsdiens was hul kosbaarste besitting, en om dit vryelik uit te oefen en uit te leef was vir hulle 'n dierbare voorreg. Hendrik IV was die vors wat hulle deur sy beroemde Edikt hierdie voorreg toegestaan het. Voltaire, die bekende Franse filosoof en historikus, het dus volkome gelyk gehad waar hy in een van sy minder bekende werke, die Henriade, vir Hendrik IV as die „Held van Verdraagsaamheid" roem.

Hendrik IV het deur sy verstandige godsdiensbeleid vir Frankryk rus en vrede op godsdienstige gebied teweeggebring. Juis hieraan is dit te danke dat sy regeringstyd ook in menig ander opsig 'n bloeitydperk vir Frankryk kon wees. Maar die bewind van hierdie bekwame en vérsiende vors eindig plotseling in 1610, toe hy deur 'n dweepsieke Katoliek, ~~kaxai~~ Ravaillac, vermoor is. Vir Frankryk in die algemeen,en vir die Hugenote in die besonder, was dit 'n groot verlies. Die Edikt van Nantes het egter op die wetboek van die land gestaan, en hierin sien ons die ~~skonaxerfenis~~ skone erfenis wat die Held van Verdraagsaamheid vir die Hugenote nagelaat het.

Die Edikt is nie onmiddellik herroep nie, en waar dit jare later wel herroep is, het dit nie plotseling gebeur nie. Die herroeping is veeleer die resultaat of hoogtepunt van 'n beleid van onderdrukking wat reeds kort na 1610 begin het. Vir byna negentig jaar na die dood van Hendrik IV is die regte van die Hugenote nog deur die Edikt van Nantes gewaarborg, maar in die

loop van hierdie jare is hulle geleidelik meer en meer onderdruk en is hul regte gedurig ingekort, totdat die algehele opheffing van die Edikt, dus die logiese resultaat van die beleid van onderdrukking, in 1685 gevolg het.

Laat ons nou sien hoe dit plaasgevind het.

Hendrik IV is deur sy seun Lodewyk XIII opgevolg. Laasgenoemde was toe nog maar nege jaar oud en tydens sy minderjarigheid het sy moeder, Maria de Medici, die bewind gevoer. Maar sy was nie sterk genoeg om die doelbewuste en strenge bestuur van Hendrik IV voort te sit nie, met die gevolg dat daar nou heelwat binnelandse onluste, veral vanweë die Franse edelliede, voorgekom het. Sy het o.a. ook die fout begaan om haar Italiaanse gunsteling, Concini, tot haar vernaamste raadsman te kies, wat groot ontevredenheid by die vernaamste edelliede asook by die Hugenote gewek het, omdat hy sy mag algou skromelik misbruik het ten einde homself te verryk.

Daarby was die jong koning en sy moeder glad nie so simpatiek teenoor die Hugenote as Hendrik IV nie. In die jare 1621- 1622 moes die Hugenote in die suide van Frankryk weereens na die wapen gryp om vir hulle regte te veg. In hierdie stryd het hulle verskeie van hul versterkte plekke verloor, maar toe die vrede van Montpellier in 1622 met hulle gesluit is, is daar nietemin verklaar dat die regte wat hulle onder die Edikt van Nantes geniet het, sou bly voortbestaan. Die enigste nadelige gevolg wat hierdie stryd vir hulle gehad het, was dus dat hulle sommige van hulle vrystede of versterkte plekke moes prysgee.

Hierdie optrede teenoor die Hugenote was wel nie baie streng

of hard nie, maar ons moet daarop let dat dit al duidelik 'n reaksie op die beleid van Hendrik IV toon. Ons merk nl. reeds 'n inkorting van hul regte op, en hiermee staan ons dan aan die begin van die beleid van onderdrukking, wat in die volgende jare trapsgewyse tot die uiterste deurgevoer sou word.

'n Paar jaar later het hierdie beleid verdere toepassing gevind. Kardinaal Richelieu, wat in 1624 minister van Lodewyk XIII geword het, was daarvoor verantwoordelik. Soos die titel <u>kardinaal</u> aandui, was Richelieu 'n hoogstaande Katolieke geestelike. Maar hy was tegelyk 'n besonder skrandere staatsman, wat spoedig soveel invloed en mag gekry het dat selfs die koning teenoor hom op die agtergrond tree en hy in werklikheid die landsbestuur in hande neem.

As geestelike was Richelieu geensins eng of erg onverdraagsaam nie, en waar hy hom teen die Hugenote wend, moet ons dit nie in die eerste instansie aan onverdraagsaamheid of enge Katolieke oortuigings toeskryf nie. Sy houding is veeleer uit politieke oorwegings te verklaar. In sy binnelandse beleid was daar veral één vername beginsel wat hy steeds voorgestaan en probeer toepas het, t.w. om die onbeperkte mag van die koning in die staat te vestig. Volgens hom het die Hugenote teveel politieke mag gehad: hul vrystede is feitlik onafhanklike republieke, hulle ~~het~~ hou daar hul eie leërs aan en hulle bestuur ~~daar~~ hulle daar grotendeels self. Hierin het Richelieu 'n beperking of ondermyning van die koning se mag gesien, iets wat in die lig van sy genoemde beginsel nie geduld kon word nie. Dit is dus eerder uit politieke as godsdienstige oorwegings

dat Richelieu die stryd met die Hugenote aanbind.

In 1627 begin die stryd. Die Hugenote het dapper geveg, maar teen die oormag van getalle was hulle nie bestand nie, sodat hul vrystede een na die ander ingeneem is. Na verloop van 'n jaar het hulle nog net oor La Rochelle beskik. La Rochelle, wat op die weskus van Frankryk lê, was hul vernaamste en sterkste vesting en hier kon hulle hul taamlik lank handhaaf. Die verowering van hierdie stad het Richelieu (beslis) 'n moeilike taak gevind. Daarom het hy besluit om tot beleëring van die stad oor te gaan. Met sóveel deeglikheid is die beleg uitgevoer dat die hawe selfs met 'n muur van die see afgesluit is om te verhoed dat Engeland hulp aan die inwoners stuur. Afgesny van hulp en voedsel van buite moes La Rochelle met verloop van tyd onbeskryflike ellende verduur. Hongersnood het toegeneem en duisende inwoners het omgekom. Na dertien maande was die burgermeester, Jean Guiton, verplig om die stad oor te gee.

Die val van La Rochelle dui die einde van Richelieu se stryd met die Hugenote aan. In Julie 1629 is vrede gesluit - die vrede van Alais - en 'n maand later volg die Edikt van Nîmes, waardeur die posisie van die Hugenote nader omskryf is. Die vernaamste bepaling hierin is dat hulle van hul vrystede afstand moes doen, wat in die praktyk beteken het dat hulle hul politieke regte moes prysgee en direk onder beheer van die kroon gekom het. Ons sien dat Richelieu die Hugenote as 'n politieke mag in Frankryk laat verdwyn het, en dat hy in ooreenstemming met sy vername beginsel om die koning onbeperkte mag te besorg, met hulle afgereken het.

Richelieu het egter nie die Edikt van Nantes opgehef nie. Hierin het ons juis 'n verdere bewys dat sy optrede nie uit onverdraagsaamheid nie maar eerder uit politieke oorwegings verklaar moet word. Die Edikt van Nantes het nog steeds landswet gebly; deur die Edikt van Nîmes is dit slegs in sekere opsigte gewysig. Laasgenoemde edikt het nie die godsdienstige vryheid van die Hugenote aangetas nie, en hulle kon hul godsdiens, ooreenkomstig die Edikt van Nantes, dus nog steeds uitoefen. Hoe dit ook al sy, dis duidelik dat Richelieu die beleid van onderdrukking 'n belangrike stap verder gevoer het.

Richelieu is aan die end van 1642 oorlede. Slegs ses maande later het ook Lodewyk XIII te sterwe gekom. Lodewyk XIV het baie jonk opgevolg en tydens die eerste jare van sy koningskap, 1643-1661, word die land deur 'n ander groot invloedryke minister, Mazarin, bestuur. Wat sy beleid betref, het Mazarin eenvoudig in die gees van Richelieu voortgegaan; ook met die optrede van Richelieu teenoor die Hugenote was hy tevrede en het daarby berus.

Na die dood van Mazarin in 1661 tree Lodewyk XIV meer prominent op die voorgrond, en hy neem ook weldra al die bestuursmagte in sy eie hande. Die strewe van sowel Richelieu as Mazarin om die koning onbeperkte mag te besorg, het nou vrug gedra; hulle het die weg vir Lodewyk XIV voorberei en hy het as onbeperkte alleenheerser begin regeer. Van hom is die bekende en kernagtige stelling afkomstig: „l'état c'est moi", d.w.s. „ek is die staat" of meer letterlik: „die staat, dit is ek". Hierin word kort en kragtig sy hele op-

vatting in verband met die staatsbestuur saamgevat: hy meen dat die staat deur hom beliggaam word, en dat hy volle beheer oor iedereen en alles in die staat voer.

Maar Lodewyk XIV het nog verder gegaan: hy was nie tevrede dat die staat 'n hegte politieke eenheid volkome onder sy beheer was nie, op alle gebiede in die staat wou hy uniformiteit en afgerondheid hê. Vandaar dat hy ook 'n ander belangrike stelling voorstaan, nl. „Une foi, une loi, un roi", d.w.s. „één geloof, één wet, één koning". Die eerste punt hieronder (één geloof) het vir die Hugenote 'n uiters gevaarlike beginsel bevat. Die Rooms-Katolisisme was die offisiële godsdiens in Frankryk, en as daar nou net één godsdiens toegelaat word, sou dit die Katolieke godsdiens wees en sou die Protestantisme, of meer bepaald die Calvinisme, van die Hugenote moet verdwyn.

Dat dit Lodewyk XIV met sy godsdiensbeleid erns was, en dat hy vas beslote was om dit in die praktyk deur te voer, het hy spoedig duidelik getoon. Hy tref verskeie maatreëls waarmee die één groot bedoeling was om die Hugenote te verplig om hul Calvinistiese godsdiens prys te gee en tot die Katolieke kerk oor te gaan. Een van die eerste maatreels van hierdie soort vind ons in die koninklike verordening waarvolgens iedereen wat tot die Calvinisme oorgaan, met verbanning uit die land bedreig word. Daarna volg 'n besluit dat Hugenote-kinders sonder toestemming van hul ouers Katoliek kon word. Ook word die godsdiensoefeninge van die Hugenote reeds op verskeie plekke belet, en word sommige van hul kerke gesluit. Verder word hulle ook verbied om ampte in die staat

te beklee.

Hierdie onbillike en harde maatreels het egter nie veel gebaat nie, want van 'n grootskeepse oorgang van Hugenote na die Katolieke Kerk het niks tereg gekom nie; 'n klein getal het dit wel gedoen, maar hulle was van die swakste tipe onder die Hugenote. Lodewyk XIV het dus gemeen dat sy maatreels nog nie ver genoeg gegaan het nie. Gevolgelik gaan hy nou strenger optree en nog meer dwang gebruik.

Hy voer nou die stelsel van dragonnades in, d.w.s. dragonders of soldate word by die huise van Hugenote ingekwartier, waar hulle die huisgenote na willekeur kon kwel en mishandel. Hierdeur is die Hugenote énersyds verplig om die soldate in hul huise te huisves en te voed, maar andersyds moes hulle die wrede mishandeling van die ruwe soldate gelate verdra. Dis 'n behandeling hierdie wat vir die Hugenote nie slegs erg vernederend was nie, maar wat tewens daarop gemik was om die huisgesin, die sterkte van die Calvinisme, tot in sy fondamente te verstoor en desnoods te verbreek.

Met die berugte dragonnade-stelsel het Lodewyk XIV 'n sekere mate van sukses gehad. Die kwelling en mishandeling vanweë die soldate het só erg geword dat daar wel van die Hugenote tot die Katolieke godsdiens oorgegaan het. Dit word selfs beweer dat hele dorpies by die nadering van die dragonders, wat daar ingekwartier moes word, Katoliek geword het. Aldus het dan 'n aantal van die Hugenote, volgens die opvatting van die koning, „bekeerd" geraak. Dit was egter maar 'n sogenaamde bekering, want dit het nie uit diepe, innerlike oortuiging voortgekom nie, maar wel uit die nood van omstandighede. Die hele dragonnade-stelsel was inderdaad só

laakbaar dat selfs verskeie Katolieke geestelikes, o.a. pous Innocentius XI, dit afgekeur het.

Maar Lodewyk XIV het hom nie laat keer nie; sy strewe na „één geloof, één wet, één koning" wou hy tot die uiterste toe deurvoer. Die stappe wat hy reeds ~~gag~~ gedoen het, was nog maar voorbereidende werk, die voorbereidende werk vir sy laaste en vernaamste maatreel, nl. die algehele opheffing van die Edikt van Nantes. As hierdie groot struikelblok uit sy weg verwyder was, só het hy gemeen, sou die Hugenote volkome onderdruk en die Calvinisme met wortel en tak uitgeroei wees.

In 1685 het hy gemeen dat die tyd ryp was om tot hierdie stap oor te gaan. Volgens 'n koninklike dekreet van 17 Okt. 1685 is die Edikt van Nantes, en al die bepalinge daarvan herroep, die godsdiensvryheid van die Hugenote, wat sedert die tyd van Hendrik IV nog altyd erken was, is nou op 'n end. Maar meer: in die plek van die Edikt van Nantes het daar 'n hele reeks vervolgingsmaatreëls gekom. Die godsdiensoefeninge van die Hugenote is streng belet; hul kerke is verwoes; en hul predikante wat geweier het om die Calvinisme prys te gee, is uit die land verban. Daarby kom nog die bepaling dat die Hugenote Frankryk nie mag verlaat nie; hulle moes in die land bly, maar hulle moes van hul geloof afstand doen en die Katolisisme aanvaar.

In die herroeping van die Edikt van Nantes sien ons die hoogtepunt van die beleid van onderdrukking wat reeds kort na die dood van Hendrik IV ingetree het. Onder Lodewyk XIII en sy moeder, Maria de Medici, het die Hugenote reeds sommige van hul vrystede

verloor; tydens die bewind van Richelieu moes hulle al die ander asook hul politieke regte prysgee; en onder Lodewyk XIV, die vors wat geen verdraagsaamheid geken het nie, is hulle hul reg van godsdiensoefening ontneem, en is hul godsdiens verbied. Hiermee is die klimaks bereik. Op vaderlandse bodem is die Hugenote geen plek meer gegun nie.

Daar was egter duisende en duisende Hugenote wat nog nie van hul godsdiens afstand wou doen nie. Daarom het hulle, ten spyte van die verbod op emigrasie, tog in groot getalle oor die grense van Frankryk gevlug. Die getal vlugtelinge word verskillend aangegee, maar dit kan altesame op ongeveer 200,000 gestel word. Die Hugenote was oor die algemeen respektabele, hardwerkende mense en dit is dus verstaanbaar dat hul vertrek vir Frankryk 'n groot verlies was, 'n verlies aan mensemateriaal en kapitaal, maar insonderheid 'n verlies vir die Franse landbou en industrieë, want dit is veral in hierdie bedrywe dat die Hugenote uitgemunt het. Ander lande van Europa, soos die Nederlandse Republiek, Engeland, Switserland en die Noord-Duitse state, het die vervolgde vlugtelinge egter vriendelik en gasvry ontvang. En in hierdie lande het hulle inderdaad ook 'n groot aanwins geblyk, sowel op ekonomiese as maatskaplike gebied.